Psalm 14 : God is aan die kant van die regverdiges

Vir die koorleier. Van Dawid.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: BETHESDA – Gerrit Olivier ©

Refrein



Voorg: Die dwaas dink daar is geen God nie.
Dwase mense vernietig alles, wat hulle doen is 'n gruwel vir die Here.
Almal: Daar is nie een wat goed doen nie.
Voorg: Van die hemel af kyk die Here die mense deur om te sien of daar één verstandige is,
één wat na die wil van God vra.
Almal: Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard;
daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie.
Refrein: God staan die hulpelose by.
Voorg: Julle almal wat onreg pleeg, wat my volk opeet asof julle brood eet
en wat weier om die Here te dien –
weet julle dan nie dat daar iets vreesliks met julle gaan gebeur nie?
Almal: Omdat God aan die kant van die regverdiges is,
sal daar niks kom van julle planne teen die hulpelose nie:
die Here bly sy toevlug.
Refrein: God staan die hulpelose by.
Voorg: Ag, mag daar tog uit Sion vir Israel redding kom!
Wanneer die Here die lot van sy volk verander,
sal Jakob juig, sal Israel bly wees.
Refrein: God staan die hulpelose by.